Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 29 Januarie 1947. Nr. 9.

# Indiërs Neem Wraak Met Grondaankope In Kaapland

## VIR £200,000 IN EEN JAAR

**Indiër-indringing in blanke woonbuurte in die Kaapse Skiereiland deur die aankoop van vaste eiendomme in hierdie gebied, het 'n ernstige bedreiging vir die inwoners van die Skiereiland geword. Dit kom voor asof die Indiërs sedert hul veldtog teen blanke Suid-Afrika, hul daarop toelê om soveel vaste eiendom as moontlik aan te koop, en hulle in te grawe voordat die gety dalk teen hulle draai en teen hulle opgetree word. Op die oomblik is daar niks wat hulle verbied om na hartelus grond in die Skiereiland aan te koop nie.**

***In die pas afgelope jaar het Indiërs in die Skiereiland nie minder as 207 vaste eiendomme aangekoop nie, en dit wel teen 'n tempo van 17 per maand. Volgens die dokumente wat Die O.B. ter insae gekry het by die Kantoor van Aktes in Kaapstad, beloop die aankope vir 1946 'n totale waarde van nagenoeg £200,000.***

**Die dokumente toon ook aan dat talle van hierdie transaksies tussen blankes en Indiërs plaasgevind het, sodat grond wat voorheen blanke eiendom was, nou in werklikheid van die blanke ras onteien is en in die hande van Indiërs oorgegaan het.**

Daar is geen tekens van afname in die aantal aankope nie. Tot op datum is die Indiër-aankope in Kaapland 'n rekord. Vanaf 1 Januarie tot 18 Januarie is daar 35 transaksies by die plaaslike kantoor geregistreer waarby Indiërs vaste eiendomme aangekoop het. Die opgawe vir die helfte van Januarie van hierdie jaar is meer as dié van enige volle maand wat dit voorafgegaan het. Agtien van hierdie aankope is in Kaapstad, dertien daarvan in Port Elizabeth en die res hier en daar in die binneland.

### HANDEL IN INDIËRHANDE

**In 'n vlugskrif wat onder beskerming van die Durbanse stadsraad verskyn het, word verklaar dat die grootste gedeelte van die sake-ondernemings in Durban, nl. 53.4 persent, aan Indiërs behoort. Van die totale aantal slaghuise is 41 persent die eiendom van Indiërs, terwyl hulle ook 52 persent van die vrugtehandel besit. Hulle maak verder 38 persent van die algemene handelaars uit en 86.9 persent van die droogskoonmakersbedryf.**

**Statistieke in Durban toon dat vanaf 1942 tot 1945 'n totale bedrag van £1,204,314 deur Indiërs in grond belê is.**

### IN DIE VOORSTEDE

**Deur die name van die kopers en verkopers by die registrateur van Aktes na te gaan, was dit vir Die O.B. moontlik om vas te stel hoeveel aankope daar werklik plaasgevind het. Dit het duidelik getoon dat die aantal gevalle wat hier en daar deur persone in die stad opgemerk is, aansienlik meer is as wat vermoed was. Deur alle name waaraan getwyfel is, en wat moontlik nie Indiërs kan wees nie, nie by die Indiërkopers te tel nie, is seker gemaak dat die aankope nie oordryf is nie. In werklikheid mag die aankope nog meer wees.**

'n Groot aantal van die aankope het plaasgevind in Rondebosch, Wynberg, Claremont, Goodwood, Woodstock en Soutrivier. Selfs Tuine het nie gespaar gebly nie. In die stad self het ook talle aankope voorgekom, hoewel baie Indiërs hulle blykbaar daarop toelê om grond in die voorstede te koop.

(Vervolg op bl. 8)

# DEUR KRAG NA VRYHEID

**Genl. G. Cronje, waarn. Gebiedsleier van Noord-Transvaal (Gebied F) het onderstaande oproep insake Vryheidsdag uitgereik:**

**Binnekort, wanneer die koning van Engeland in Suid-Afrika sal vertoef, sal die mees besliste maar ook die mees subtiele imperialistiese propaganda ontketen word wat hierdie land nog belewe het en daarna sal gepoog word om weereens 'n imperialisties-gesinde regering aan die bewind te kry.**



GENL. CRONJE.

Die antwoord van die republikeins-gesinde Afrikanerdom moet veral daarin bestaan dat die eie geledere soveel moontlik versterk en verenig sal word met die oog op die worsteling wat aanstaande is.

**Laat die Ossewabrandwag met daardie doel voor oë die krag inspan om die volgende Vryheidsdagviering die grootste en treffendste te maak. Laat die imperialiste hierdie keer maar hulle gang gaan maar laat ons deur inspanning daarvoor sorg dat dit hulle laaste jubeltog sal wees.**

Laat ons ook toesien dat die opbrengs van Vryheidsdag bo verwagting groot sal wees. Die Ossewabrandwag sal sy verpligtinge nakom en sy deel bydra tot ons Volksbevryding.

**Gebied F — aan die werk! Lank lewe die Kommandant-Generaal!**

### MYNSTAKING AAN DIE RAND

By ter perse gaan is berig ontvang dat meer as twintig Randse goudmyne geheel of gedeeltelik tot stilstand gebring is as gevolg van 'n vry algemene staking.

Die staking staan in verband met ontevredenheid oor die samestelling van die myn-vakbond se bestuur.

### FUNKSIES

Die Christiaan de Wet-kommando hou op Saterdag, 1 Februarie hulle maandelikse geselligheid in die Pawiljoen, Melkbosstrand. Alle vriende en belangstellendes is hartlik welkom.

# Kommunistiese Soldate



Soos ook in ander lande het Sjina 'n burgeroorlog te voer teen die kommunistiese vyfdekolonne van Rusland. Op die foto staan kommunistiese krygsgevangenes wat deur die nasionale magte van Sjina gevange geneem is. Die stryd woed daar al vyftien jaar lank.

(Kyk bl. agt vir berig.)

# „Barbaarse" Geskenk van Regering Aan Prinses Verwek Misnoeë:

## Engelse Word Skaam Vir Oordaad

**Die spandabelheid van die Smuts-regering in verband met die Britse koning se besoek het nou so 'n omvang aangeneem dat lojale Engelse self begin skaam word daarvoor. Meer as een Engelssprekende verklaar dat hulle baie graag die koning 'n mooi ontvangs gun, maar hulle meen dat die koning en sy gesin self in verleentheid gestel word wanneer sulke buitensporige uitgawes aan hul besoek verbind word.**

„Ons koning is tog immers bewus daarvan dat hier duisende mense in die land gebrek ly, en hy kan tog nie die oordadigheid geniet in sulke na-oorlogse omstandighede nie," het een vrou gesê.

**Maar dit bly nie net by private gesprekke nie. Die Cape Times het in 'n hoofartikel sterk afkeur uitgespreek oor die voorneme van die regering om aan die mondigwordende prinses 'n geskenk van 400 van die land se mooiste diamante te gee. Die waarde van die diamante word op meer as £20,000 gestel.**

In sy kommentaar hierop verklaar die Cape Times:

„Dit kom ons voor of die aangekondigde voorneme om Prinses Elizabeth 'n geskenk van 400 geslypte diamante aan te bied op haar een-en-twintigste verjaardag onnodig spandabel is en slegte smaak openbaar. Ons ag dit nodig om te herhaal wat ons al tevore gesê het: Die koninklike gesin is geen sprokiesdinastie wat beddens van rose en goue borde eis nie. Daar is te veel mense in die land wat reken dat hulle die praal en barbaarse rykdomme van die Indiese rykaards begeer. Om aan die prinses 21 mooi gegradeerde diamante by geleentheid van haar mondigwording te skenk, sou paslik gewees het en 'n geskenk wat deur die meerderheid Suid-Afrikaners toegejuig sou geword het. Maar hierdie magdom van diamante wat aan haar gegee staan te word, sal ongetwyfeld kritiek uitlok, soos reeds gebeur," aldus die blad.

# Unie Gaan Self Sakke Vervaardig

## *Moontlik Blywende Verlies Vir Indië*

**Die Unie is besig om sy eie saknywerheid op te bou. Aan die Rand is reeds 'n begin gemaak met die oprigting van 'n sakfabriek en sodra die nodige masjinerie land, sal dit in werking tree. Dit sal £500,000 kos en sowat 10 tot 15 miljoen sakke per jaar kan vervaardig. Die onderneming geniet die steun van die Departement van Handel en Nywerheid en ook van die Landboudepartement.**

Goiing-vesel wat in buurstate groei, sal vir hierdie fabriek gebruik word. Daar is ook onlangs aangekondig dat die Unie besig is om sy eie vesel aan te plant. Vyfhonderd morge is reeds met 'n soort goiing (Phormium tenax) in Natal beplant en veel meer sal nog aangeplant word, het die destydse kontroleur van goiing, mnr. H. P. Smit aangekondig. Hierdie plante sal oor twee jaar geskik wees vir gebruik.

Daar is ook aangekondig dat by George sakke vervaardig sal word. Die eerste toetssakke wat in Suid-Afrika vervaardig word, sal eersdaags beskikbaar wees en daar word gehoop om met grootskaalse produksie hiervan aan te gaan. Amptelik is aangekondig dat met hierdie nuwe poging die moeilikheid wat Indië veroorsaak het, uit die weg geruim kan word.

**Met die opbou van hierdie nuwe nywerheid in Suid-Afrika loop Indië met sy boikot-beleid gevaar om een van sy grootste afsetgebiede vir sy belangrike produk, sakke, te verloor. Die hou wat bedoel was om Suid-Afrika onder die lyfband te tref, is besig om op Indië se eie kinnebak neer te kom.** Waar hulle dus gepoog het om die Unie die loef af te steek, was die boikot tot voordeel van die land waar die besef van die noodsaaklikheid om ons eie goedere te produseer, meer en meer op die voorgrond tree.

**Dit is feitlik seker dat Indië nie weer die Suid-Afrikaanse mark sal verower nie.**

### VOORLOPIG GENOEG KORING

Die Unie-regering het die Internasionale Voedselraad in kennis gestel dat hy vir die eerste kwartaal van hierdie jaar nie 'n koringtoekenning wil hê nie. Dit is gedoen omdat die Unie se koringoes groter blyk te wees as wat eers vermoed is. Suid-Afrika is die eerste land wat toekennings van die Raad ontvang het wat verklaar het dat hy vir 'n periode selfgenoegsaam sal wees. Die Unie se koringoes vir hierdie seisoen sal sowat 5,500,000 sakke wees.

# Indiërs Sê „Eina" Vir Blanke Boikot

**Die boikot-beleid wat die blanke bevolking op die Indiërhandelaars toepas vanweë laasgenoemde se wetsoortreding en agitasie teen alles wat nie Asiaties is nie, het blykbaar goeie vrugte afgewerp en begin die lawaaierige handelaars nou so te knel dat die dagbestuur van die Transvaalse Indiër-kongres bietjie rustyd moes vra vanweë die benoudheid waarin die blanke boikot hulle gewerp het.**

Die dagbestuur het naamlik besluit om 'n beroep op die blankes van die platteland te doen om nie die boikot wat op sommige plekke teen die Indiërs aan die gang gesit is, te steun nie. Die dagbestuur het ook metodes bespreek om die Indiër-handelaars te beskerm teen die skade wat hulle ly.

Aan die verklaring is toegevoeg dat hierdie rampspoedige optrede teen die Indiërs nie sal help om die ernstige toestand wat deur die opsegging van die toevoer van sakke deur Indië na Suid-Afrika ontstaan het, te verbeter nie.

VASBERADE

Dat die boere op die platteland vasberade is om hierdie boikot teen die Indiërs te handhaaf en uit te voer, getuig van die anti-Indiërvergadering wat op Fochville, in die omgewing van Potchefstroom gehou is en waar 'n mosie aangeneem is waarin die boere onderneem om nie met Indiërs te handel nie.

Dieselfde vergadering het ook die Minister van Arbeid, dr. C. Steyn, versoek om ander werk vir die meisies te vind wat tans in diens van Indiërs is. Die mosie het ook sy afkeur uitgespreek oor die optrede van sen. Basner en mev. Ballinger in die buiteland.

# S.A. Sal Net Afval Uit Europa Invoer

## BRITTANJE SELF SOEK IMMIGRASIE

**Terwyl die Unie-regering aankondig dat sy masjinerie gereed is om sowat 1,500 persone per maand uit Engeland na Suid-Afrika te immigreer, is daar in Brittanje 'n veldtog van stapel gestuur wat propaganda maak vir die invoer van 500,000 immigrante uit Britse dominiums na Brittanje. Te midde van hierdie teenstrydige waarhede is daar 30,000 Britte wat gereed staan om met die eerste en beste geleentheid uit Brittanje te emigreer na lande waar hulle hoop om 'n beter bestaan te kan maak.**

Brittanje het hierdie groot getal immigrante nodig om die arbeidstekort aan te vul, word verklaar. Immigrante het 'n dringende behoefte geword. Die Manchester Guardian verklaar dat Brittanje op die huidige oomblik 90,000 minder werkers het as in 1938. Daar word 'n ernstige tekort aan opgeleide mynwerkers ondervind. Hoewel die Pole reeds toegelaat is om in die myne te werk, is hulle getalle ontoereikend. Dit is nodig om dadelik arbeiders vir die katoenbedryf in te voer. Die landbou, so word gekonstateer, sal baie lank nog op die hulp van die Duitse krygsgevangenes moet staatmaak.

**'n Ander blad doen aan die hand dat daar 50,000 Italianers, 25,000 Oostenrykers, 50,000 Duitsers en 125,000 verplaasde persone na Brittanje immigreer moet word.**

Inmiddels is ook berig dat Holland sy geskoolde arbeiders belet het om te emigreer.

Dit is dus duidelik dat nòg Engeland nòg enige ander Europese land — met uitsondering van die platgeslaandes miskien — gaan toelaat dat geskoolde arbeiders na Suid-Afrika emigreer nie. Die Unie sal dus tevrede moet wees met die ongeskoolde immigrante wat op staatskoste in die Unie rondgevoer en gehuisves sal word in mededinging met Afrikanerseuns wat stelselmatig uit die geskoolde arbeid geweer word deur kortsigtige of kwaadwillige vakbeheer.

### HOLLAND WIL SY ROOM BEHOU

Die Nederlandse regering sal voortaan weier om permitte aan geskoolde arbeiders wat die land wil verlaat, toe te ken. Die aankondiging is deur die Nederlandse regering gedoen.

Die S.A. gesantskap in Nederland is tans oorstroom met aansoeke van Nederlanders wat na die Unie wil emigreer. Die stap om die verhuising van vakmanne te voorkom, is gedoen om die heropbou van Nederland moontlik te maak. **Geen beperkings sal egter gelê word op vakmanne wat nie vir die heropbou van Nederland noodsaaklik geag word nie.**

# Die O.B. Antwoord Met Perskor

Dr. P. J. Meyer, Persveldtog-Organiseerder, skryf:

Die Ossewabrandwag het 'n eie lewenshouding en karakter ontwikkel wat hom onderskei van alle ander organisasies.

In 'n Vrystaatse dorp het twee boere onlangs beeste op 'n vendusie gekoop, die een vier, die ander een 'n groot aantal. Altwee stuur die beeste per trein na dieselfde markagent.

In die teenwoordigheid van ander persone sê die tweede boer aan die ander een:

„Laat jou vier osse maar saam met myne gaan. Ek het plek vir hulle in die trokke wat ek bestel het. Vir jou sal daar geen ekstra koste wees nie. Ek sal die agent vra om jou tjek direk aan jou te stuur."

„Maar hoekom doen jy so-iets?" vra een van die bystanders later aan die boer.

„Man, dit lyk of jy ons O.B.-ers nog nie ken nie", was sy eenvoudige antwoord.

DADE ONS TAAL

**Die O.B. doen wat hy praat. Dit is sy karakter.**

Die O.B. stel al sy kragte en middele in diens van die volksbelang. Dit is sy lewenshouding. Op die skimpe, uitskelling en verdagmakery van vyandige kant antwoord die O.B. met steeds nuwe dade van volksliefde en volksdiens.

Op die jongste propagandaveldtog antwoord die O.B. met 'n daad — 'n groot persorganisasie, t.w. **Perskor.**

En hierdie daad is 'n daad van volksliefde en volksdiens.

**Perskor is die nuwe prestasie van die Ossewabrandwag wat saam met die Noodhulpfonds en ander dade tot in die verre nageslag sal getuig van liefde, krag en offergees tot bevordering van die vryheid en eenheid van die Afrikanerdom.**

1947 is Perskor-jaar.

Elke lid van die O.B. word in 1947 lid van Perskor;

Elke lid van Perskor dra in 1947 by tot die verdere uitbouing van Perskor.

Ons antwoord op alle kleinlike aantygings met die daad met Perskor.

„Die buitestanders ken ons O.B.-ers nog nie."

Skryf aan ondergetekende i.v.m. besonderhede en wenke.

P. J. MEYER,
Spesiale Persveldtog-Organiseerder.

Posbus 4892,
Johannesburg.

# LATPLUKKER GAAN SELF DEURLOOP VOOR V.V.O.

**Die lande wat aktief of stilswygend toegelaat het dat die Indiese klag teen Suid-Afrika voor die Verenigde Volke gelê en beslis word, begin nou die vrugte te pluk van hierdie voorbeeld van inmenging in binnelandse aangeleenthede van state.**

Indië self wat met die aanklag gekom het dat die Unie sy nie-blankes, en met name die Indiese minderheid, onderdruk omdat hy nie gelykstelling op maatskaplike en politieke gebied toelaat nie, sal blykbaar eerste aan die beurt kom om die beskuldigingshok van die V.V.O. te betree. **Die 80,000,000 „onaanraakbares" in Indië is op die oomblik besig met voorbereidsels om hul lot van eeue-lange onderdrukking op alle gebiede aan die V.V.O. voor te lê.** Soos reeds tevore in Die O.B. berig, maak hierdie groep Indiërs byna een-kwart van Indië se bevolking uit. Hulle was al die jare lank beskou as mense sonder regte en is selfs verbied om water te drink van openbare krane en putte. Daar is geen skoolopleiding vir hul kinders nie en net sekere soorte werk wat benede die waardigheid van die gewone Hindoe geag word, is vir hulle toeganklik.

„SLEGTER AS IN S.A."

Natdat die V.V.O. met soveel geesdrif ingestem het om as regter te sit oor die kwart miljoen Indiërs in Suid-Afrika, wat onvergelykbaar beter daaraan toe is as een-kwart van die volk in Indië self, het hierdie massa onderdruktes nou besluit om ook hul saak aan die V.V.O. voor te lê. **Volgens berig word, het die federasie van onaanraakbares in hul besluit verwys na hul saak teen die kastehindoes „weens hul dade van maatskaplike, politieke en ekonomiese tiranie en hul skaamtelose gebruik van georganiseerde geweld wat die onaanraakbares se posisie slegter maak as die van die Indiërs in Suid-Afrika."**

Die leier van die onaanraakbares, dr. Ambedkar, het verklaar dat hy in verbinding is met Paul du Bois, leier van die Amerikaanse negers wat voornemens is om 'n saak „teen die Amerikaanse blanke tirannie" voor die V.V.O. te lê.

Toe die kwessie van die Unie voor die V.V.O. gekom het, het die Amerikaanse afvaardiging uitdruklik verklaar dat Amerika ten gunste daarvan is dat die geskil op die agenda geplaas moet word, m.a.w. dat die V.V.O. hom inmeng in ander se inwendige sake. Nou kom hy self aan die beurt.

AUSTRALIË

'n Ander land met rassevraagstukke wat geen steun aan die Unie se stryd teen die Indiërs verleen het nie, maar nou op sy beurt op die punt van aanklagging staan, is Australië. Reeds is hy in die pers oor die vingers getik ten opsigte van sy inboorlinge wat dan uitgeroei sou wees oor die loop van 'n paar geslagte. **Maar nou begin die Ooste in beroering kom onder leiding van Indië omdat Australië gekant is teen geel immigrasie. Na berig word is die Asiatiese blok in die V.V.O. besig om groot druk uit te oefen op Australië om sy poorte oop te gooi vir immigrante uit Asië, en na verwag word sal hierdie blok uiteindelik 'n definitiewe aanklag teen Australië in die V.V.O. inbring.** Hierdie optrede is glo veral ook gevolg van die strategiese wedloop wat op die oomblik aan die gang is tussen wes en oos, waarin Australië beskou word as 'n voorpos van die Weste in die Stille Oseaan.

**MEER TREINE:** Die nuwe roosters wat voorsiening maak vir sestig addisionele hooflynpassasierstreine per week wat met die oog op die somervakansie ingestel is, sal voortaan permanent gehandhaaf word, na 'n aankondiging deur die hoofkantoor van die Suid-Afrikaanse Spoorweë.

# Portugese Volk Gelukkig Onder Salazar

**Die kommunistiese leuens omtrent Portugal wat dikwels in die Geallieerde pers nagepraat word, word geloënstraf deur 'n senior waarnemer van die Overseas Intelligence Digest, wat onder die bekwame redaksie van Kenneth de Courcy staan.**



PRES. SALAZAR.

**Die waarnemer verklaar dat hy algemene welvaart en tevredenheid onder Salazar se bewind gevind het, en dat die berigte onlangs omtrent 'n opstand in die leër niks met die werklikheid te doen het nie. 'n Kolonel het in Porto in opstand gekom, gevolg deur 64 lede van sy regiment onder wie geen enkele offisier, onderoffisier of soldaat met lang dienstyd was nie.**

„Die algemene toestand in Portugal is goed. Die mense is goed gekleed, klere word nie gerantsoeneer nie en is van goeie gehalte; hoewel baie mense daaroor kla, is die pryse laer as die pryse in Spanje en Frankryk of enige Europese land," verklaar die waarnemer. **Die ekonomiese toestand van Portugal is rooskleurig. Daar heers 'n groot mate van voorspoed onder die boere en arbeiders. Die nywerhede en belangrike myne, landbou en visserye werk op 'n gesonde basis en hul produkte word op die juiste manier bemark.**

(Voor Salazar se bewindsaanvaarding was Portugal weens partypolitieke huishouery totaal bankrot. — Red.)

SALAZAR

„Die politieke situasie word gedomineer deur die sterk persoonlikheid van Salazar wat al 16 jaar die bestuur van die land waarneem. Hy is nou vyftig jaar oud en gedurende sy regeringsjare het hy geweldige laste op sy skouers gedra as eerste minister, minister van buitelandse sake en oppermagtige ekonomiese diktator."

Sy hare wat voorheen swart was, is nou wit en hy is geboë, maar sy gesondheid het verbeter. Die groot stelreël van sy lewe wy hy aan sy werk. Hy is van soggens nege-uur op kantoor en werk dikwels saans tot elf uur. **Hy het 'n afkeer in toesprake, moderne klere en sosiale funksies en hou net af en toe 'n toespraak. Hy het geen polisiewag nie en lewe as 'n gewone burger tussen die volk in sy villa en is nie getroud nie.**

„Die regering word ondersteun deur 'n vrywillige organisasie, die „Uniao Nacional", wat 'n groot gevolg het."

GEEN OPVOLGER

„Die president, generaal Carmona, is gewild by die leër, maar hy word nou oud. Die kabinetsministers is bekwaam, maar nie uitstaande nie en die opvolging van Salazar is dus 'n probleem.

„Die regering is populêr by die leër, 'n groot deel van die arbeiders en by die meeste van die boere." Daar is 'n groep mense wat kritiek op die regering uitoefen. Die kerk, die hoof daarvan wat 'n persoonlike vriend van Salazar is — die wyse kardinaal Cerejeira, hou hom afsydig, maar is die regering vriendelik gesind.

„Die Opposisie, wat 'n besliste minderheid is, is nie bedrywig nie. Dit put sy krag uit die feit dat Salazar nie 'n opvolger het nie. **Aan die linkse kant van die Opposisie is die Demokratiese Unie wat uit 'n aantal eertydse Republikeinse Sosialiste en 'n aktiewe klomp kommuniste bestaan wat die Unie in werklikheid domineer. Hierdie Opposisie is baie ongewild onder die jeug en die meeste van sy leiers is oud en sommige van hulle korrup."**

Die ander teenstanders is die Monargiste. Die Pretendent, Duan Duarte, het die leierskap van die party onlangs op homself geneem. Hy het die ekstremiste uit die party geweer en 'n intieme vriend van Salazar as hoof van die party benoem, blykbaar met goedkeuring van die Eerste Minister.

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

### Bittereinder Se Boodskap

Mnr. Jurgens Bezuidenhout van Ohrigstad skryf:

As bittereinder uit die Tweede Vryheidsoorlog wil ek 'n beroep op almal doen wat na 'n Christelike en gelukkige vaderland verlang en ook aan diegene wat Suid-Afrika eerste stel en dit wil lei onder die banier van My God, My Volk, My land, Suid-Afrika.

Ek is op 24 Desember 1874 op die plaas Buffelsdrift, Oudtshoorn gebore. As tuiswag moes ons elke 1ste Dinsdag van die maand op Oudtshoorn dril. Ons het gou gesien wat Jameson se planne was, nl. om ons teen 7/6 per dag as soldate te werf en dan in te skeep op Mosselbaai na Port Natal. As die tyd dan ryp is sou ons die republieke moes aanval. 'n Klompie van ons het toe in April 1899 die hasepad gekies en in Pretoria aangekom. Daar het ek generaal Smuts, die skrywer van Die Eeu van Onreg, ontmoet.

Ons het die stryd saam deurgemaak. In Junie 1902 moes ons wapens neerlê op die plaas Potloodspruit. Ons het saam met die Johannesburgse kommando wapens neergelê.

Geagte vriende, ek versoek u almal om Psalm 93 en Johannes, hoofstuk 42 te lees. Ons saak is reg. Ek bid u Gods rykste seën toe.

### „Mislukte Stelsel"

„Reguit Praat", Kaapstad, skryf:

Kan die „gevierde volksleier" die kleur- en Indiër-vraagstukke binne die partystelsel oplos? Van 1924 tot 1932 was hy Minister van Binnelandse Sake (beide vraagstukke ressorteer onder daardie Dept.). Hoekom het hy hulle toe nie opgelos nie? Nee, i.p.v. dit toe op te los, bepleit hy stemreg aan kleurlingvroue. In die volksraaddebatte van daardie jaar lees ons op bls. 1883: **„Ek wil persoonlik graag die stemreg aan kleurlingvroue gee".** En in 1929 stem die „gevierde leier" vir uitbreiding van die kleurling-stem na die twee noordelike provinsies. In dieselfde jaar sien ons 'n kleurling-verteenwoordiger saam met hom op dieselfde verhoog sit in die N.P.-kongres op Ceres.

Kom ons by die Indiër-kwessie, wat vind ons dan? In 1925 woon hy die Indiese Kongres in Kaapstad by en verseker hy die Indiërs dat hy hul nie as Asiate beskou nie maar as Suid-Afrikaners.

(1) Hy stel 'n repatriasieskema in 1927 op art. 11 wet no. 37 van 1927. Wat swakker was as Smuts se skema van 1914 (art. 6 wet no. 22 van 1914).

(2) Hy gaan 'n ooreenkoms met die Indiërs aan (Malan—Kaapstadse ooreenkoms) wat net so sleg was as die Smuts—Gandhi-ooreenkoms.

(3) Vrystellingswette! Dr. Malan kan vader staan vir genl. Smuts se wet en genl. Smuts kan vader staan vir dr. Malan se wet, want altwee se wette gee die Indiërs net meer reg, ensovoorts en so meer.

Nee mnr.! niemand minder as dr. D. F. Malan het nou gesê: „dat die Britse parlementêre stelsel in Suid-Afrika 'n mislukking is", en nou kom hy en wil hy die volgende algemene verkiesing 'n mandaat van die volk vra om met 'n „mislukte stelsel" die kleur- en Indiër-vraagstukke op te los.

Die Afrikanervolk sal bly verloor solank as wat sy sogenaamde regeerders met 'n „mislukte stelsel" probeer vraagstukke oplos.

(Verkort. — Red.)

### VAKBOND MAAK BESWAAR TEEN IMMIGRASIE

Die antipatieke houding van die vakbonde teenoor die regering se immigrasieplanne, word duidelik weerspieël in 'n brief van die sekretaris van die Kaapstadse tak van die vakbond van die Suid-Afrikaanse Drukkersbedryf, mnr. S. G. Raddall. Hy het sy skrywe aan die Cape Times gerig.

Na aanleiding van die verklaring van die Minister van Finansies, mnr. J. H. Hofmeyr, dat die regering sy taak sou versaak het as hy nie nou in die tyd van hongersnood 'n rantsoeneringskema in werking gestel het nie, skryf mnr. Raddall:

**„Nou vra ek u waarom nog 1,500 persone per maand na Suid-Afrika gebring word wanneer die mense wat reeds hier is, 'n hongersnood in die oë staar. As sekretaris van die Kaapstadse tak van die vakbond van die Suid-Afrikaanse Drukkersbedryf, kan ek u verseker dat lede wat van oorsee hier aankom, geen huisvesting hier kan kry nie, en baie van hulle gaan weer dadelik na Engeland terug as hulle 'n boot kan kry.**

Stuur u POSBESTELLINGS vir
● KANTOORBENODIGDHEDE en
● SKRYFBEHOEFTES
na
SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

PRETORIA-MARK
W. & P.
P.R.R.
Produsente, stuur u Produkte, Eiers, Botter, en Lewende Hawe na ons.
(Ontvangs-agente van alle slagvee vir die Vleiskontroleur)
Ons het 'n garansie van £2,500 by die Regering.
WEBB EN PRETORIUS
Pretoria se Oudste en Grootste Markagentskap

TOT U DIENS . .
Geldenhuys Ingenieurswerke
● DRAAI
● PAS
● SWEISWERK
Wynnestraat 13 — PAROW
Sien Advertensie onder Geklassifiseerde Advertensies.

Spesiale Aanbod in
DAMESHANDSAKKE
Egte leer, met leer uitgevoer, teen presies die prys wat u wil betaal.
KOM SEKER NA
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MÔREMARK (Posbus 7185) Newton

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

Beskerm u Oë
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
WERDA
Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad



DIT KOS MINDER EN U LINNE HOU LANGER!
SPAAR MOEITE en laat Spesialiteite u wasgoed doen
● WAS ● DROOGSKOONMAAK ● KLEUR
Adres: Hugenootstasie, Paarl
(Goedere halftarief)
PAARL STOOMWASSERY
Posbus 35 DIE PAARL Foon214
(1).

KAAPSTAD, WOENSDAG, 29 JANUARIE 1947.

# Kers-offensief Uit Vrees Gebore

Die feit dat die H.N.P.-leiding hom genoodsaak gevoel het om 'n kersfees-offensief van verdagmaking teen die Ossewabrandwag van stapel te stuur op 'n tydstip wat deur alle partye voorheen as 'n tyd van wapenstilstand beskou is, sal vir die meeste nugterdenkende O.B.-lede stof tot hoop en moed wees. Die tydstip wat hulle uitgekies het, die geweld van hul aanval en die skielikheid daarvan herinner 'n mens onwillekeurig aan die Ardenne-offensief van die Duitsers kort voor laasgenoemde se totale ineenstorting. Dit skyn 'n poging te wees van nimmer of nou. As ons let op die reaksies wat hierdie offensief op O.B.-lede dwarsdeur die land gehad het, wil dit lyk of dit in hierdie geval meer nimmer as nou gaan wees. Teen die einde van verlede jaar was dit duidelik dat daar 'n toenemende belangstelling in die Ossewabrandwag by die volk begin posvat. Hierdie belangstelling het so gegroei dat Die Burger toegegooi is met protesbriewe van sy eie lesers teen die boikot-beleid wat die koerant teen die Ossewabrandwag gevolg het, veral na die toespraak van dr. Van Rensburg in die Paarl waarvan daar nie 'n woord in genoemde blad verskyn het nie, ten spyte van die feit dat die O.B.-leier geantwoord het op 'n „uitnodiging" van dr. Malan. Ons het self twee briewe van Die Burger-lesers gepubliseer wat ná weiering aan ons gestuur is vir publikasie.

'n Week of meer voor hierdie vergadering het die O.B.-leier 'n reis deur die kiesafdeling Gordonia gemaak waar hy met ses wydverspreide vergaderings sesduisend toehoorders getrek het. Die getalle kon nie deur die H.N.P.-leiding weerspreek word nie, en daar is toe op naïewe wyse gefluister dat dit maar dieselfde duisend mense is wat op elke plek agter die leier aangetrek het ten einde 'n groot indruk te maak. Die ongeëwenaarde uitgestrektheid van hierdie gebied maak die kompliment vir die O.B. se organisasievermoë om 'n duisend mense van Groblershoop tot Kakamas rond te karwei vir propaganda-doeleindes ongelukkig te dik om aan die eie bors vas te speld.

SOEK EENHEID

Daar is ook in die begin van Desember berig van baie suksesvolle toere en vergaderings van O.B.-organiseerders in verskeie dele, o.a. in Oudtshoorn waar hoofkomdt. Laubscher deurgaans groter gehore getrek het as enige politieke spreker in die afgelope twee jaar, volgens berig van 'n onpartydige korrespondent aldaar. Daarby kom nog dat dit ook bekend geword het dat verskeie plaaslike leiers soos voorsitters en sekretarisse van die H.N.P. op verskillende plekke met die O.B.-hoofkwartier en ons blad in verbinding getree het oor die moontlikhede van samewerking — alles teen die einde van 1946.

Hierdie groeiende proses van belangstelling in die O.B. moes die H.N.P.-leiding wat alle pogings tot volkseenheid met 'n kille vrees bejeën, soos 'n nagmerrie aangedoen het. Het hierdie leiers dan nie twee jaar lank met alles wat tot hul beskikking was in 1941 en 1942 teen die Ossewabrandwag aangeslaan nie? Dr. Malan self het die stryd aangebind met 'n toer van Upington tot Mosselbaai en weer terug tot in die Paarl waar hy tot wanhoop gedryf 'n reeks openbaringe van „binnekringe" en „rebellie-geheime" van die O.B. toegevoeg het tot sy reeds lang lys van skakelstories en so meer.

MISGISSING

Hierdie veldtog van verdagmaking het hopeloos misluk, al het die H.N.P.-leier na afloop daarvan gemaak-voldaan verklaar dat nog net die kopbeen van die O.B. oorgebly het — die magtigste organisasie wat die Afrikaner nog ooit in sy bestaan tot beskikking gehad het. Die veldtog van geweld het misluk en vier jaar lank is toe 'n hardnekkige veldtog van boikot en doodswyg teen die Ossewabrandwag gehandhaaf. Ook dit het misluk soos ons reeds aangedui het met verwysing na die groeiende belangstelling aan die einde van 1946.

Dat die H.N.P.-leiding met sy pers dus op tweede Kersdag na vier jaar van doodswyging dus weer moes gryp na 'n ou wapen wat in 1941 misluk het, is 'n bewys van die gevaar waarin hulle hulself bedink — die gevaar dat die volk dalk kan verenig! En daarom moes daar nou beduie word dat die O.B. nie meer bestaan nie, en dat samewerking met hom nie meer noodsaaklik is nie. Terselfdertyd word aan die begeerte van die volk vir samewerking voldoen deur 'n aanbod van samewerking aan . . . genl. Smuts. So het die H.N.P.-leiding gehoop om homself te ontworstel aan die druk op hom uit eie geledere.

Ons het die hele offensief met swygende minagting bejeën. die volk wil geen getwis op hierdie tydstip hê nie, maar eenheid en samewerking. Maar ons het dit nodig geag om nou die kop op te tel en aan die hele wêreld, wat na vier jaar vir die tweede keer die O.B. se doodberig in die „nasionale pers" moes lees, te wys op hul vergissing — indien daar na soveel jare van ondervinding nog iemand is wat vir vergissing vatbaar is.

# Geen Uitvoering Van V.V.O-Besluit

## *Smuts Oor Suidwes*

**Die Unie-regering is nie van voorneme om toe te laat dat Suidwes-Afrika, waarvan die Unie die mandaathouer is, aan die voogdyskap van die V.V.O. toevertrou word nie. Hierdie aankondiging is deur die Eerste Minister, veldm. J. C. Smuts, verlede week in die volksraad gedoen.**

**Genl. Smuts het verstaan dat die Unie geen voorstelle sal aanvaar wat direk indruis teen die begeerte van die bevolking van Suidwes nie. Die Unie sal geen voogdy-ooreenkoms aangaan nie en daarom sal die posisie van S.W.A. voortaan wees soos dit in die verlede was, het hy gesê.**

„Wat kan die V.V.O. doen", het genl. Smuts gevra na aanleiding van 'n tussenwerpsel oor die houding van die V.V.O. indien die Unie met sy planne voortgaan. „Ons is besig om die terme van 'n kontrak na te kom. Volgens die bepalings van die Handves berus die mag by die Unie, om te besluit wat hy wil doen."

Die inwoners van Suidwes het verklaar dat hulle nie onder die voogdystelsel van die V.V.O. wil staan nie. Die Unie het 'n morele plig teenoor daardie mense. Genl. Smuts het gesê dat Suid-Afrika nie sonder vriende is nie en dat hy poog om soveel vriende te hou as hy kan.

VANG VIR VOOGDYRAAD

**Ek stem saam met die gedagte dat ons moet poog om onder die gesag van die Voogdyraad van die V.V.O. uit te sny. Ek voel effens bang vir die Voogdyraad," het genl. Smuts vervolg.**

Verslae oor Suidwes sal aan die volksraad voorgelê word en daar is geen rede waarom hierdie verslae nie ook aan die V.V.O. voorgelê sal word nie, aldus genl. Smuts.

**Met verwysing na die besprekings op die V.V.O. het genl. Smuts gesê dat dit onmoontlik was om oor regte te gesels. Die Unie-afvaardiging het met emosies te kampe gehad. Daar het 'n groot verandering in die wêreld plaasgevind. Dit het spr. verbaas. Die verandering maak die posisie besonder moeilik.**

Genl. Smuts het ook aangekondig dat die Indiër-wet soos aangeneem, moet deurgaan. Dit is die behoud van Natal. As Suid-Afrika nie wil toesien dat Durban 'n tweede Bombaai word nie, moet dit uitgevoer word. Die huidige wetgewing is absoluut noodsaaklik, het hy gesê.

AANVAAR HERTZOG-BELEID

Met verwysing na die kleurbeleid van die Unie het genl. Smuts verklaar dat die Unie eindelik 'n weg vir homself in hierdie rigting gebaan het. Spr. het nie met genl. Hertzog in alle opsigte saamgestem nie, maar aan die end is sy naturellebeleid eenparig aanvaar. Dit sal fataal wees om daardie beleid deur te trek en weer van voor af te begin.

Genl. Smuts het ook verklaar dat die kleurlinge behandel sal word as „'n aanhangsel van die blanke bevolking". As hulle gesegregeer word, sal daar 'n groter probleem ontstaan as tans.

Na aanleiding van mnr. J. H. Hofmeyr se onlangse verklaring dat naturelle-L.V.'s uiteindelik in die parlement toegelaat moet word, het genl. Smuts op 'n vraag of hy daarmee saamstem, geantwoord dat hy hom by die grondwet van die Unie hou, en dat die persoonlike mening van 'n persoon nie die beleid van die party hoef te wees waaraan die persoon behoort nie. Elke persoon is geregtig op sy eie mening wat mag verskil van dié van die regering.

Genl. Smuts het geantwoord op 'n mosie van dr. D. F. Malan, leier van die amptelike opposisie waarin gevra is dat die Unie nie gehoor moet gee aan die besluit van die V.V.O. om Suidwes onder die voogdyskap van die organisasie te plaas. Sy mosie het ook versoek dat S.W.A. verteenwoordiging in die volksraad en senaat verleen moet word en dat die regering nie met die regering van Indië moet onderhandel soos die V.V.O. besluit het nie. Verder stel die mosie voor dat die Indiër-wetgewing herroep moet word en dat daar 'n gesamentlike komitee van beide huise van die parlement saamgestel word om 'n omvattende beleid uit te werk ten opsigte van die Unie se kleurvraagstuk.

## *Propaganda Teen Unie In V.S.A.*

Die soort propaganda wat teen die Unie in die buiteland gebruik word, blyk uit 'n pamflet „Stop South Africa's Crimes" wat so pas in Suid-Afrika aangeland het. Dit is in Amerika uitgegee deur die Council of African Affairs en bevat listige propaganda teen die Suid-Afrikaanse kleurbeleid en sou 'n toeligting wees van wat agter die poging van die regering sit om Suidwes by die Unie in te lyf.

Suid-Afrika sou Suidwes by die Unie wil inlyf om nog meer goedkoop arbeid vir die pas ontdekte goudmyne in die hande te kry, en om die nie-blanke bevolking te verslaaf soos dit na bewering in die Unie geskied.

Die skrywer van die brosjure weet te vertel dat die inwoners van Suidwes-Afrika gekant is teen die inlywing van Suidwes by die Unie. Die Unie sou die nie-blanke in hierdie gebied brutaal van hulle regte en grond wil beroof en hulle verslaaf en sou hulle sodoende wil verhinder om maatskaplik en kultureel te ontwikkel.

Verder word beskryf hoe die inboorlinge in Suid-Afrika onderdruk word.

Die hele boek is 'n verdraaide voorstelling van die Unie se kleurbeleid en beveel aan dat Amerika, wat volgens die skrywer reeds die grootkapitaal in die Unie beheer, ekonomiese sanksies teen die Unie moet toepas.

Die vraag is wat doen die Unie-regering om Suid-Afrika se saak in die buiteland by wyse van voorligting te verdedig?

# Brittanje se Krediet Aan Opraak

## *Lang Slukke aan Lening*

**Daar heers ernstige besorgdheid in Britse kringe oor die spoed waarteen die dollar-lening wat Engeland by Amerika gekry het, gedaan raak. Die dollarvoorraad raak baie vinniger op as wat skatkisamptenare voorheen bereken het. Reeds £200 miljoen, sowat een-vyfde van die lening, is opgebruik, en dit in die kort tydperk van agt maande.**

Geen besonderhede oor die toestand waarin die Kanadese lening verkeer, is verstrek nie, maar ingeligte kringe meen dat dit nog vinniger opgeslurp raak.

As rede vir die vinnige opgebruik van die lening word verklaar dat dit te wyte is aan die hoë pryse wat vir voedsel betaal moet word en die groot bedrag wat Engeland moet bestee aan die handhawing van Duitsland en Oostenryk. Die vertraagde herstel van die Europese lande wat voorheen Engeland se grootste afsetgebied was, is hiervoor verantwoordelik.

Brittanje verkeer in 'n besonder netelige posisie. Te midde van 'n arbeidstekort wat die produksie van handelsartikels strem, is die huidige invoer van Brittanje slegs sewentig persent van die 1939-peil, en sy eie ruil- en betaalmiddele is so min dat hy selfs nie eers vir hierdie klein invoere kan betaal sonder om van die Amerikaanse en Kanadese dollar-lening gebruik te maak nie. Dit is 'n ekonomiese posisie wat niemand sal begeer nie.

ONMOONTLIK

In Engeland is beklemtoon dat Brittanje sy uitvoerhandel tot 175 persent van die syfer van 1938 moet opskuif om vir noodsaaklike invoerprodukte soos voedsel en grondstowwe te kan betaal, om die Amerikaanse en Kanadese lening te betaal en om nie bankrot voor die wêreld te staan nie.

**Dat Engeland nie daartoe in staat is nie, blyk uit die feit dat die produserende werkende bevolking van Brittanje sedert 1939 met 241,000 verminder het.**

Daarbestaan, volgens die witboek wat so pas deur die Britse regering vrygestel is, 'n dringende behoefte aan 500,000 werkers wat nie gevind kan word nie.

# Geen Verligting In Klerasie-Pryse

## *Daling Egter Moontlik In Motorhandel*

**Die pryse van tekstielware is steeds besig om te styg en toon eerder 'n stygende tendens as 'n dalende. Hierdie toestand kan nog maklik 'n jaar voortduur, het dr. J. M. van Aswegen, voorsitter van die Afrikaanse Sakekamer in Kaapstad, in 'n personderhoud aan Die O.B. verklaar.**

**Ten opsigte van ander vertakkings, soos by voorbeeld motors, word daar egter meer optimistiese verwagtings gekoester in die sakewêreld.**

Dit skyn nie moontlik te wees dat die pryse van klerasie binnekort sal daal nie; 'n totale beeld toon dat daar steeds 'n prysstyging sal wees.

Indien daar gelet word teen watter hoë pryse rou wol gedurende die afgelope seisoen verkoop is, is dit duidelik dat hierdie hoë pryse sy invloed moet laat geld op die verwerkte artikels. Dit is feitlik seker dat die pryse van algemene gebruiksartikels soos hemde, broeke en pakke klere nog sal styg, aldus dr. Van Aswegen.

Die gebrek aan steenkool strem die vervaardiging van klerasie. Klerefabrieke in Italië, Frankryk en Denemarke moes onlangs teen 'n laer kapasiteit begin werk weens gebrek aan steenkool. Intussen gaan die vraag om klerasie onversadig voort.

### MEER MOTORS

Die beperkings op die uitvoer van motors uit die Verenigde State van Amerika is aansienlik verlig, na 'n verklaring van die departement van handel. Die beheer oor die uitvoer van vragmotors en busse is heeltemal opgehef en die beperkings op die uitvoer van nuwe en gebruikte passasiersmotors is aansienlik verlig.

Ons voer hoofsaaklik ons tekstielware in van Brittanje, het dr. Van Aswegen verklaar. Die uitvoer van Britse katoenstowwe is slegs 'n kwart van die vooroorlogse hoeveelhede. Behalwe arbeid is die probleem om nuwe masjinerie vir die Britse tekstielnywerheid te kry. Die produksiekapasiteit van hierdie fabrieke is slegs sowat 60 persent. Daar word ernstig getwyfel of die Britse nyweraars hul uitvoertoekennings vir 1947 sal kan nakom. Daar is ook 'n groot arbeidstekort in Brittanje. Die nywerheid het 500,000 arbeiders nodig en die produserende deel van die bevolking is meer as 240,000 minder as in 1939.

Oor die algemeen toon die klerasieposisie min verbetering. Mansklere sal nog lank skaars bly. Die uitvoer van Britse linnegoedere is dertig persent minder as voor die oorlog. Daar is nog geen Britse nylonkouse op die mark nie.

Dr. Van Aswegen het die mening uitgespreek dat Amerika gouer oor sy moeilikhede sal kom as Brittanje. Hierdie mening oor die netelige posisie waarin die Britse nywerhede verkeer, word onderstreep deur die witboek van die Britse regering waarin verklaar word dat „Brittanje veral (ly) omdat daar 'n groot mate van ondoeltreffendheid in die nywerheid bestaan."

Volgens die maandelikse bulletin van die Handelsinstituut gaan Amerika alle uitvoerbeheerreëls op alle katoenstowwe, behalwe hemde, ophef. Dieselfde opheffing geld vir uitrustingstowwe, tafeldamask en katoen en wolmengsels. Die kwartaalse Amerikaanse toekenning van katoenweefstowwe vir uitvoer vir die eerste deel van 1947 is 30 persent meer as die vorige kwota. Die produksie van ryonstowwe in die V.S.A. het ook taamlik toegeneem. Dames bo- en onderklere van suiwer ryon is baie skaars. Heelwat goedkoop somerrokke is vanaf V.S.A. gekry, aldus die bulletin. Hemdefabrieke ondervind moeilikheid om stukgoedere te kry.

**Daar is 'n gunstige neiging by die publiek om nie enige artikel teen hoë pryse te koop nie. Die mentaliteit om duur luukse goedere te koop, is besig om te verdwyn omdat die publiek begin besef dat toestande langsamerhand normaal word, het dr. Van Aswegen voortgegaan.**

Volgens die maandelikse bulletin van die Handelsinstituut verbeter die voorradeposisie van ysterware in die Unie aansienlik. Heelwat kombuisgereedskap is beskikbaar en tafelgereedskap neem toe. Uit Brittanje is heelwat verbeterde produkte ingevoer.

Die Amerikaanse departement van handel het aangekondig dat grawe, vurke, troffels en stange nou na die Unie uitgevoer kan word. Die Britse produksie van masjiengereedskap is egter slegs die helfte van die vooroorlogse produksie.

**Uit gesprekke met lede van die motorhandel blyk dat daar 'n algemene prysverlaging teen ongeveer Augustus hierdie jaar verwag word. Amerika begin vinniger uitvoer en die voorbeeld wat Henry Ford gestel het om sy pryse aansienlik af te druk, het die verwagting laat ontstaan dat die hoogtepunt van motorpryse van nou af vinnig agter die rug gelaat kan word.**

# Puik Jaarboek Van Gebied F.

Die Ossewabrandwag in Noord-Transvaal (Gebied F) het so pas 'n jaarboek van twee-en-sewentig bladsye uitgegee wat 'n samevatting is van die stryd en daadkrag van die Ossewabrandwag in Noord-Transvaal gedurende die tydperk 1938-1946. Met sy aantreklike omslag en interessante versameling artikels oor verskillende aspekte en gebeure in die bestaan van die O.B. is dit 'n puik uitgawe. Die blad is ryklik geïllustreer met aksiefoto's van die Beweging se bedrywighede, foto's van verskillende optogte en feeste waarvan die O.B. deelgeneem het. Dit bevat ook 'n aantal foto's van die offisiere in die verskillende generaalskappe van hierdie gebied.

Die jaarboek bevat o.m. 'n skets van die lewe van dr. Hans van Rensburg, Leier van die Volksbeweging, die verhaal van die ontstaan en doel van die Boerejeug, asook 'n artikel oor die taak van die vrou in die Ossewabrandwag.

Die Gebiedskwartier kan geluk gewens word met hierdie pragtige stukkie werk wat by elke O.B.-lid aanbeveel word. Die adres van die Gebiedskwartier is Sanlamgebou 616, Pretoria.

# Teen Beginsels Van Geslote Geledere

**Aansoek om opheffing van die geslote geledere-beginsel in die Amerikaanse arbeidswêreld, op grond daarvan dat dit die „fundamentele beginsels van die Amerikaanse arbeid verkrag", is in die Amerikaanse Senaat gedoen deur 'n republikeinse verteenwoordiger, Joseph Ball.**

Hy het wetgewing voorgestel wat, indien dit aangeneem word, alle arbeidsooreenkomste wat lidmaatskap van 'n vakbond as voorwaarde stel, sal verbied.

**„Ek meen", het hy verklaar, „dat die gebruik ingevolge waarvan werkers verplig word om by 'n vakbond aan te sluit, of anders hul werk verloor, een van die onbillikste Amerikaanse arbeidsgebruike is."**

Hierdie voorgestelde wetgewing is blykbaar 'n reaksie op die onlangse arbeidsmoeilikhede in Amerika wat hoofsaaklik ontstaan het as gevolg van die krag wat die vakbonde in staat is om uit te oefen.

# Kommuniste „Wen" In Poolse Verkiesing

**In die kommunisties-gedomineerde algemene verkiesing wat op 19 Januarie in Pole gehou is, het die Kommuniste, nadat hulle in die weke wat die verkiesing voorafgegaan het sorggedra het dat hulle alle sterk teenstanders likwideer, 'n oorweldigende meerderheid oor die anti-kommuniste, die Boereparty behaal. So lui 'n bekendmaking van die Poolse poppe-regering. Die aantal stemme wat uitgebring is, sal later bekendgemaak word.**

Trou aan die aard van die kommunistiese metodes, het die Kommuniste en hulle satelliete in Pole vooraf seker gemaak dat hulle die verkiesing wen al sou hulle stemmetal ook die minderheid aantoon. So kon die leier van die Boereparty, Mikolatsjik, reeds tien dae voor die verkiesing aankondig dat 110 van sy kandidate en meer as 80,000 van sy ondersteuners deur die Kommuniste in die tronk gestop is. Dieselfde leier het ook beweer dat die Kommuniste vooraf beplan het dat net 'n kwota van 8 persent stemme aan hom toegeken sal word. Wat met die ander stemme van die Boereparty gemaak sal word, is nie aangekondig nie.

**Hierdie metode om 'n verkiesing te wen, herinner aan die berig van Kenneth de Courcy in sy Overseas Intelligence Digest dat Stalin, nadat Churchill in die algemene verkiesing in Brittanje verslaan is, nie kon verstaan het hoe dit moontlik is dat 'n mens kan toelaat dat wanneer jy aan bewind is die leisels uit jou hande geneem word nie.**

'n WAARBORG . . .

Produkte wat deeglik gemaak is, is altyd 'n voordelige belegging . . . Volg die voorbeeld van duisende beleggers— koop Kommando-sigarette.




RONDE Kommando -SIGARETTE

OOK OVAAL VIR DIEGENE WAT DIT VERKIES

B.H. 2369

G. A. FICHARDT, Bpk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut
MASJINERIE, YSTERWARE PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1845
BLOEMFONTEIN

Ons Gee nog Steeds LEIDING
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg – MAITLAND

● DIE KEUR VAN DIE WÊRELD SE BESTE BOEKE!
● KEURIG EN VOLLEDIG VERTAAL DEUR DESKUNDIGES!
● DIE NUWE LETTERKUNDIGE BEWEGING IN AFRIKAANS!
● NUWE VERGESIGTE VIR DIE LIEFHEBBER VAN GOEIE BOEKE!
● DIE MEES HOOGSTAANDE BIBLIOTEEKSKEMA WAT OOIT IN AFRIKAANS AANGEBIED IS!

DIE Vergesig-Boekery

REEDS VERSKYN:

Nr. 1 — Die Gierigaard se Dogter, deur Honoré de Balzac 10/6
Nr. 2 — Tien Jaar Tronkstraf, deur Silvio Pellico, 10/-
Nr. 3 — Die Lyding van die Jong Werther, deur Goethe.

Hierdie vertalings is deurgaans as uitstekend en getrou bestempel, deur tydskrifte, die radio en die groot leserspubliek. Allerweë is dit verwelkom as 'n nuwe en verfrissende rigting in ons letterkunde.

EERSDAAGS VERSKYN:

Nr. 4 — Mevrou Bovary, deur Gustave Flaubert. Die juweel van die wêreld se romankuns in Afrikaans.
Nr. 5 — Die Nes van Edeles, deur Toergenev. Die eerste groot Russiese roman, regstreeks vertaal in Afrikaans
Nr. 6. — Ekkehard, deur Van Scheffel. Die unieke werk oor die romantiese kleurryke Middeleeue.
Nr. 7 — Die Gelukbringer, 'n verhaal van die Bartholomeusnag (Das Amulet), deur C. F. Meyer.
Nr. 8 — Uit die Lewe van 'n Deugniet, deur Eichendorff.
Nr. 9 — Adolphe, deur Benjamin Constant.
Nr. 10 — Die Wêreldjie van Vroeër, deur Fogazzaro.
Nr. 11 — Die Held van die Dnjeper (Taras Bulba), deur Gogol.

Vroeg in 1947 verskyn die eerste nommer van die „Groot Denker-Reeks" in die Vergesig-Boekery. —— Skryf om Besonderhede.

— — — — Skeur af — — — —




L. & S. BOEK- EN KUNSSENTRUM,
Posbus 4892 — JOHANNESBURG.

Geliewe my naam op te neem as intekenaar op die VERGESIG-BOEKERY. Stuur Nrs. 1, 2 en 3 ook saam. Ek belowe om die rekenings binne 30 dae na die ontvangs van die boeke te betaal.

NAAM ....................................
ADRES ....................................
.................Datum ........................Handtekening

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkel plasings (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasings (vooruitbetaalbaar) 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasings: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasings tot kansellasie, 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing.

**Intekengeld op ,,Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## GEBOORTE

VAN DER POEL. — Aan Roux en Johanna 'n seun op 20 Januarie 1947 in die Delherbe-verpleeginrigting, Kaapstad. 29/1/1B

## VERLOWING

LAMPRECHT—DE VILLIERS. — Hiermee wens ons tweetjies, Mona, oudste dogter van mnr. en mev. J. H. de Villiers, Zeerust, en Hennie, enigste seun van mnr. en mev. C. F. Lamprecht, Paardekop, dist. Standerton, aan familie en vriende(inne) bekend te maak dat ons op 18 Januarie verloof geraak het. 29/1/1

LEIBBRANDT—ESTERHUYSE.—Hiermee maak ons twee, Pieter, oudste seun van mnr. en mev. P. Leibbrandt, Bellevue, Bergville, Natal, en Bettie, jongste dogter van wyle mnr. en mev. A. Esterhuyse, Schuinshoogte, Williston, K.P., aan vriende(inne) bekend dat ons op 18 Januarie 1947 verloof geraak het. 29/1/1B

## HUWELIK

**Vir Partytjies**, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner-Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## IN MEMORIAM

VAN ZYL. — Een jaar van verlange en stille trane is verby en weer staan ons stil by die onvergeetlike môre van 21 Januarie 1946, toe my dierbare eggenoot en ons vader so onverwags van ons weggeneem is. — Verlangende eggenote en kinders, Matthys, Hester, Martha, Kotie en Mansie. 29/1/1

STRAUSS. — Reeds is weer 'n jaar van stille trane en verlange verby en dink ek met liefde terug aan die 16de Januarie 1945, toe my dierbare eggenote, Anna Fransina Christiena Strauss, my so onverwags deur die Heer ontneem is.

Ek het haar stadig sien gaan
Maar het magteloos by haar gestaan.
Met trane het ek haar aanskou,
Terwyl haar lewenslig verflou.
My teerste sorg het niks gebaat;
Dit was Gods wil, sy moes my verlaat.

— Deur die verlangende Eggenoot, M. D. STRAUSS en Kinders. 29/1/1

## DANKBETUIGING

Hiermee wens ons alle Offisiere en Brandwagte van E9 en Kom. E9b1 hartlik te bedank vir hul ondersteuning en troue kameraadskap. Ons vra dat hulle die nuwe Offisiere met dieselfde ywer sal ondersteun. Met O.B.-groete, **Hf.komdte. J. A. Scholtz (E9) en Komdt. M. Scholtz (E9b1).** 29/1/1B

## AGENTSKAPPE

**VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAPPY BEPERK,** Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwame dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbande ens. Doen aansoek by POSBUS 48. Foon 9-7222. 27/11/Tk

## ALGEMENE HANDELAARS

**COETZER SE WINKEL** H/v. Merriman- en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babaklerasie, Kruideniersware, Verf ens. 5600TK

**BELANGRIK VIR DAMES**

**PETRONELLA,** Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad. Foon 2-2178. — Aandrokke, Somerkostuums en Rokke. Georgette Aand- en Dagbloese. Pragtige gestreepte Bloese. 29/1/TK

## BETREKKING GEVRA

Betrekking gesoek op 'n plaas deur ondergetekende wat so pas as onskuldig op aanklag van hoogverraad ontslaan is. Deeglike kennis van landbouskaap- (ook karakoel) en varkboerdery. Skryf dadelik aan H. W. NEUMAN, Haytor-weg 15, Groenpunt. 15/1/4

## BENODIG

**JONG SEUN** om opgelei te word in die adressograafafdeling. Goeie vooruitsigte. Doen persoonlik of in eie handskrif aansoek by: PRO ECCLESIA-DRUKKERY (Edms.) Bpk., Birdstraat, Posbus 28, Stellenbosch.

## BOME, PLANTE EN SAAD

**AARTAPPELS.** — 1000 Kiste ingevoerde Skotse Up-to-Date-Saadaartappels, 110 lbs., om 30 Januarie te arriveer. Bestel onmiddellik en voorkom teleurstelling. Kontant moet bestelling vergesel, 45/- per kis v.o.s. Kaapstad. — HERHOLDT SE SAADAFDELING, Posbus 660, Johannesburg. Telegramme: HERHOLDT'S, Elkenhof. 22/1/2

**BLOMBOLLE.**—Swaarleliebolle (Gladioli) van beste gehalte in groot verskeidenheid pragkleure vir onmiddelike aflewering, 7/6 per dosyn; 50/- per 100. Kontant met bestelling. — HERHOLDT SE KWEKERYE, Posbus 660, Johannesburg. 29/1/2

**BESTE GESERTIFISEERDE SAAD:** Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarslaai 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-. Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van PREMIERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn. 11/12/Tk

**HERHOLDT SE VRUGTEBOME EN ROSE** groei, dra en stel tevrede vanaf Kaap tot Sambesie, maar.... die aanvraag is groot. Bespreek nou vir Julie-Augustus-planttyd en voorkom teleurstelling. Pryslyste gratis. HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, Johannesburg. A/29/3

**VRUGTEBOME, ROSE** Vir JULIE—AUGUSTUS-Planttyd 1947. Dink vooruit:— Voorkom teleurstelling, plaas u bestelling nou. Pryslyste gratis. HERHOLDT se BOOMKWEKERYE, Posbus 660, Johannesburg BB/11/12/TK

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

## GEMENG

**DRAAI-, PAS- en SWEISWERK** en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

**ELEKTRESO (Edms.) Bpk.** elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs, Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodighede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai- pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## GENEESMIDDELS

**ASMA-LYERS.** — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272 JOHANNESBURG.

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 776 Pretoria

## HAARKAPPERS

**BELLVILLE PHYL HAARKAPSTER** Kroningslaan 14. Telefoon 9-7265. Alle kartelmetodes word toegepas. Ons spesialiseer in ,,blaaskarteling" en blywende karteling. 22/1/4

Vir 'n eersteklas haarkap besoek ELS'S HAARKAPPER SALON, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetgereedskap, juweliersware ens. 27/11/26B

## HORLOSIEMAKERS

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69.) Foon 2-5454.

Vir horlosiereparasies spreek **STEYN en SWART,** Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

## HOTELLE

**MAJESTIC HOTEL,** Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## KLEREMAKERS

**STEYN en SWART,** voorlopig h/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die Kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir hul nuwe adres. 5567

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## PLUIMVEE

**JOHS. J. COETZER,** Die Wolwas, Winburg, O.V.S., neem bestellings vir kuikens vir April tot Oktober 1947 aflewering. R.I. Reds, Swart Australorps, en Wit Leghorns. Kuikens groot en sterk, uitgebroei met Petersime Elektriese Broeimasjiene. Gewaarborg vry van B.W.D. en Hoendertifus. Prys £5-17-6 per 100. 18/12/Febr.

## TE KOOP AANGEBIED

**HONDJIES.**—Wolfhondjies, 4 maande oud, mooi, groot, dapper honde, £4-4-0 stuk. £8 reun en teef, vry gelewer op my stasie. Hokke terug. — A. S. ZEEMAN, Goudmyn, Robertson. 29/1x14/2

**LUSERN** te koop teen vasgestelde prys. Graad 1 teen £6-5-0 per ton, graad 2 (dik stronke) £5-10-0 per ton, gelewer Eastpoort, K.P. K.M.B. — N. WIENAND, P.K. Eastpoort. 18/12/4B

**PONIES.** — Twee blou karponies, geleerd in kar, goeie kondisie en 6 jaar oud. Gespuit teen perdesiekte. Prys £30, gelewer op trok Belmont. — N. VAN DER WALT, Longfield, Belmont. 22/1/2

**PERDE.** — Een goed-geteelde karperd, swartbruin reun (Arabier en Vlaams). Trek netjies en tel op, baie goeie drawwer, 14 hande en 4 jaar oud. Prys £30.

Een eersteklas ryperd, dieselfde teel as bogenoemde. Vinnige en netjiese trippelaar en goeie stapper. Trek goed kar, ry gemaklik, mak en geskik. 14 hande, ligbruin reun, 3 jaar oud. Prys £35. Vader 'n pryswenner. Skryf aan: DIE ADVERTEERDER, P/S Williston. 15/1/4B

**SOUT.** — Vriende, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, vry gelaai soutwerke. Adres: MEV. MARTIE VENTER, Possak No. 4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 6/11/TK

**SKOTTELEG.** — ,,King Disc"-skotteleg, Ransomes-maak. Swaar tipe met vervoerwiele. In uitstekende toestand. Vry op spoor Bethlehem-stasie. Prys £25 of naaste aanbod.

12vt. Ontwikkelaar in perfekte toestand. Prys £10

Hooimasjien, ,,Case Osborne No. 2", in goeie werkende toestand. Verslete onderdele is vervang en deur deskundiges nagesien. Prys £20, vry op spoor Bethlehem-stasie. Besonderhede op aanvraag. — C. J. K. ROOS, Bokpoort, P.K. Clarens. 5402/Tk

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER. Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

Een eersteklas tentkar met goeie tuie, £55; Een ,,Canadian Wonder" drieskaar-ploeg, £15; Een Skotskar in goeie kondisie, £15; Een roomafskeier — bak kan 2 gellings neem, £7; Een vleisvaatjie, 15/-. Gelewer te Afrikaskop-stasie of verkrygbaar en op sig by R. OOSTHUIZEN, Kestell. 13/11/10

**TE VERRUIL.** Pragtige ruim woning op die Paarl vir 'n woning op Stellenbosch. — Doen navraag by HUIS, p/a. Posbus 28, Stellenbosch.

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

**MERINO- EN PERSIESKAPE,** asook Boerbokke, geskik vir slagter en aanteel. — Skryf aan: A. J. H. JACOBS, Karroowoonstelle, Graaff-Reinet. Foon 341. 29/1/3B

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

## WYNE EN BRANDEWYN

**TWAALF BOTTELS** Spesiale Reserwe Uitvoerbrandewyn teen 100/-.

**VYF GELLING** Wit of Rooi Muscadel Likeurwyn £2-17-6; anker £4-6-3; 5 gelling Rooi of Wit Muskadel, Jeripiko of beste ou Port £2-7-6; anker £3-11-3; 5 gelling Rooi Soet Muskadel £2-5-0; anker £3-7-6; 5 gelling Wit of Rooi Malmsey £2-2-6; anker £3-3-9; 5 gelling Rooi Half Soet Muskadel £2; anker £3; 5 gelling Worcester Hock of Soet Sjerrie £2; anker £3. Gelewer Bonnievalestasie. Vaatjies moet teruggestuur word. Beste kwaliteit gewaarborg. Kontant of K.B.A. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale.

# *Rolprent Van Japie Greyling*

## *HELD VERLEEN SELF MEDEWERKING*

**Die Ossewabrandwag en die Boerejeug aan die Rand het die medewerking van Vobi verkry vir die maak van 'n rolprent-opname van taferele uit die lewe van die kinderheld, Japie Greyling. Die opname sal gedoen word op 'n plaas in die omgewing van Langlaagte.**

Die koste verbonde aan die produksie sal sowat £500 beloop. Die medewerking van verskeie boere is verkry vir die leen van perde ens. om 'n opname van die Boere-kommando's te maak.

Daar word gehoop dat hierdie film in skole vertoon sal word om die heldedaad van Japie Greyling wat geweier het om die posisie van die Boeremagte aan 'n Britse offisier te verraai, te verewig. **Hierdie held uit die Boeregeskiedenis wat tans op sy plaas Sonderhout, dist. Slabberts in die Oranje-Vrystaat woon, sal deelneem en behulpsaam wees met die maak van die film. Mnr. Greyling wat tans 56 jaar oud is, was tien jaar oud toe hierdie gebeurtenis plaasgevind het.**

# *Suid-Afrika en Duitsland*

Suid-Afrika is ten gunste van 'n gedesentraliseerde en gefedereerde Duitsland, met 'n sentrale Duitse regering om uitvoering te kan gee aan Duitsland se ekonomiese eenheid en ook vir ander doeleindes waarvoor dit moontlik mag wees en gekant teen groot grensveranderinge.

Hierdie mening is deur die Unie-verteenwoordigers teenoor die afgevaardigdes van die vier ministers van buitelandse sake wat tans in Londen samesprekings hou, uitgereik.

Die Unie stel geen eis om skadevergoeding nie, maar is nie bereid om afstand te doen van die Duitse eiendom waarop gedurende die oorlog beslag gelê is nie.

**NOODHULPBYDRAES**

**Gebied F**
**Noord-Transvaal**

Generaalskappe: F1 £39-8-0; F2 £35-5-8; F3 £44-12-6; F4 £190-14-0; F5 £9-8-9; F6 £17-4-2; F7 £27-14-0; F8 £22-15-6; F10 £28-17-6; F11 £1-15. Totaal £417-15-1.

**INDIVIDUELE BYDRAES**

R. D. Wolfaardt £2-15-6; Afrikaners, Postmasburg £2; mnr. De Villiers, Breyton £3; mnr. J. H. Schoeman £5; mnr. M. G. Ferreira £5; mnr. H. C. H. Strasbergh £25; N.H. of Geref. Kerk (Waterberg) £10; Ons Eie Spaarklub £15; mnr. O. van Oostrum £2; mnr. H. L. Viljoen £3-10-0; ds. Van Rooy 5/-; mev. S. Crawford £5; dr. Jan Pienaar £1; mnr. J. Piek £1. Totaal £80-10-6.

## KORREKSIE

In ons uitgawe van 15 deser het daar onder die ,,Kersfeesoproep" foutief verskyn dat Kommando C7a2 £13-11-6 bygedra het. **Dit moet C7d2 wees.**

## HOLM-FONDS

Mnr. N. J. Deacon, sekretaris van die Holm-fonds, Posbus 1270, Pretoria, het onderstaande stand van die fonds verstrek tesame met die versoek dat Die O.B. dit sal publiseer:

Mnr. en mev. C. C. Broodryk, Parow £5; 'n Vriend, Reitz, 5/-; Dr. C. F. van der Merwe, Pretoria, £20; Ds. W. J. Postma, Middelburg, Tvl., 5/-; mnr. S. C. R. Barnard, Geysdorp, £5; mnr. P. J. du Plessis, Vryburg, £5; mnr. H. L. Neethling, Kroonstad, £5; mnr. J. N. van Niekerk, Stellenbosch, £5; Vriende, Jeffreys Baai, £2; mnr. J. I. la Grange Lombard, Bloemfontein, £1; mnr. A. L. de Jong, Robertson, £1-1-6; mnr. C. Smit, Sundra, £1; mnr. J. J. A. Ackermann, Malmesbury, £2-0-6; mnr. H. F. van der Merwe, Kommandodrif, £1-5-0; mnr. H. Jury Moolman, Prospect, £1; mnr. J. A. Kritzinger (D. J.), Joubertina, £2-10-0; mnr. J. S. de Bruin, Krugersdorp, £1-1-0; mnr. D. Wessels, Germiston, £2-2-6.

# *KOM ONS DOEN iets vir VRYHEIDSDAG*

Nadat ons in die uitgawe van 15 Januarie die Vryheidoproep van ons K.G. gelees het, is ons nog meer vasberade as ooit om hierdie jaar Amajubadag te vier soos nog nooit tevore nie. Kom ons probeer vanjaar om deur middel van 'n funksie voor 27 Februarie die bedrag wat ons vir die Noodhulpfonds opstuur sommer baie groter te maak as verlede jaar! Dis nou die tyd om aan die werk te spring voordat die skoolwette begin druk!

So 'n voorlopige fondsfunksie kan natuurlik verskeie vorme aanneem, maar hoe sal dit wees as ons dié slag 'n jukskeitoernooi reël?

Eers sorg ons dat die kaartjies gereed is, en dan word dit uitgedeel onder die seuns en dogters wat sorg dat elke omie, tannie, niggie, neef, en kleingoed 'n kaartjie koop, selfs al kan hulle nie die agtermiddag daar wees nie. Oor die prys van die kaartjies kan julle self besluit, miskien 1/- vir grootmense en 6d. vir kinders. Die manier waarop die spanne ingedeel gaan word kom nou al ter sprake want

(1) Gaan ons die kleingoed apart opdeel?

(2) Gaan ons die seuns en dogters saam laat speel?

(3) Word spanne self opgestel voor die tyd, of doen ons dit eers die agtermiddag van die toernooi?

Dit sal alles van plaaslike omstandighede moet afhang, maar dit sou goed wees as ons almal, groot en klein, deurmekaar kon laat speel, want dit maak die pret soveel groter. Dan kan vier persone b.v. vir almal wat kom nommers aansteek: een steek net vir dogters onder twaalf aan, een net vir seuns onder twaalf, een vir mans en seuns bo twaalf, en een vir vrouens en dogters bo twaalf, sodat spanne dan saamgestel word uit een van elk. Party van dié groepe sal egter oorskiet of kortkom, en dan moet ons maar die res so goed as kan indeel. Hiermee sal dan moet rekening gehou word by die toekenning van 'n prys aan die beste span, want spanne met min of geen kleintjies staan natuurlik 'n baie beter kans.

Noukeurige inligting omtrent hoe mens die spanne teenmakaar laat uitspeel, met die spesifisering van die bane, kan julle verneem by ooms wat ondervinding het van sulke toernooie, of skryf na Boerejeug-hoofkwartier, want hier kan ons dit nie alles behandel nie. Onthou dis die vernaamste ding wat vooraf gereël moet word, maar mens sal eers moet weet hoeveel kaartjies verkoop is voordat jy hiermee kan begin. As daar baie spanne is kan elk net een skof speel.

Elkeen bring natuurlik sy eie skeie, en die bane behoort nie 'n moeilikheid te wees nie, al moet dit dan nou ook self gemaak word.

Intussen is 'n paar Boeredogters hard besig om verversings te bedien vir dié wat klaar gespeel het, en daardeur word dan ook nog fondse ingesamel. Op so 'n manier bevorder ons ons eg Afrikaanse sport en dra tegelykertyd ons deel by tot die Vryheidsdag-insamelings.

Waar plaaslike omstandighede so 'n jukskei-toernooi onmoontlik maak, gaan ons 'n ander soort middag of aandfunksie hou, maar ons gaan nie ons K.G. teleurstel nie!

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B." VAN 29 JANUARIE 1947.

# Boerejeug, Vastrap!

## DAAR'S WERK

**Die vakansie, die rustyd, is verby. Die werk is reeds weer aan die gang. Voor ons lê 'n jaar wat sy geleenthede bied, geleenthede en kanse wat ons nie mag versmaai nie. 1947 is 'n skakel wat ons sterk moet smee.**

Vir hierdie taak is elkeen se kragte nodig. Saam moet ons daardie kanse wat ons gebied word, gebruik om die taak wat aan ons opgedra is, deur te voer. Elkeen moet ook as 'n aparte individu sy kragte inspan om van die nuwe jaar 'n sukses te maak. Slegs daardeur sal ons verseker dat die geheel ook vooruitgaan.

### OFFISIERE

Die nuwe jaar bied weer aan elke offisier die kans om leiding te kan gee. Nog 'n jaar kan ons aan die spits van ons afdeling staan en ons dienste aanbied.

Ons doel as offisiere moet in die eerste plek wees om ons afdeling aan die begin van hierdie jaar so goed moontlik te organiseer dat dit aan die taak wat dit moet vervul, 'n regverdige mate van sukses kan bied. Elke skakel in die Veldkornetskap moet sterk en heg gebind word. Ons moet ons huidige kragte verstewig.

**Maar ons moet ook voortbeweeg. Elke offisier moet dit as sy doel stel om sy afdeling soveel moontlik uit te brei. Daar is in elke afdeling groot geleenthede vir vermeerdering van ledetal. Daar is talle van ons Volksjeug in dorpe en op skole wat op leiding — regte leiding — wag. Offisiere, laat ons hierdie jaar nie een geleentheid verbygaan om ook die buitestaanders tot ons oor te win nie!**

Ons grootste taak as offisiere is egter om so 'n voorbeeld aan ons brandwagte te stel dat hulle getrokke sal voel om ons na te volg. Dit is voorwaar nie 'n maklike taak nie, maar tog iets waarna elke offisier kan streef. Omdat in ons die vertroue gestel is om as leiers op te tree, is dit ons plig om onsself meer en meer vir daardie taak te bekwaam en deur selfonderrig te ontwikkel.

### BRANDWAGTE

Watter geluk het elke brandwag tog nie om vir nog 'n jaar lid van die Boerejeug te wees nie — werklik 'n groot voorreg wat baie ander nie smaak nie. **Waar ons dan hierdie groot voorreg besit, moet elkeen van ons daardie voorreg waardig wees. Deur ons voorbeeld moet ook ons andere trek. Dra die gees van die Boerejeug verder deur — in die skool, op die sportveld, by die huis, oral. Onthou, die Boerejeug se enigste mondstuk en advertensiemiddel is jy, die Brandwag. Moet hom nêrens in die steek laat nie!**

Aan ons offisiere is ons hierdie jaar weer dieselfde gehoorsaamheid en onderdanigheid as in die verlede verskuldig. Help jou offisier in sy taak, dan help jy terselfdertyd die hele Boerejeug in sy taak.

Laat ons die nuwe jaar met al sy kanse en geleenthede blymoedig en vrolik voortsit — laat ons lag wanneer ons moet lag en werk wanneer ons moet werk.

Trap vas, Boerejeug! Vir elkeen is daar werk wat wag. Laat ons saamwerk, saamstaan, saam oorwin —

**Ons is kamerade in die Boerejeug.**
**Ons is kamerade in verdriet en vreug.**
**So sal ons altyd saam marsjeer,**
**In hierdie stryd sal niks ons keer.**
**Op mars, die Boerejeug!**

## HULLE HELP



**Sarie Theron (8 jaar) en haar broertjie Coenie (4 jaar) stuur van Koffiefontein 6/6 en 5/6 onderskeidelik vir die Noodhulpfonds, vir kindertjies van wie die pappies nog in die tronke sit. Sarie en Coenie het elke pennie van die geld deur werk verdien. Dis 'n prysenswaardige en mooi voorbeeld wat hierdie twee klein Boerejeuglede stel. Op die foto staan die tweetjies op saluut.**

## VELDWERK

# Afstandskatting

Onthou julle nog, ons was net van plan om vir 'n paar dae veld-toe te gaan. Voordat ons egter vertrek wou ek julle net vooraf so 'n paar wenke in verband met rigtingvinding in die veld, met of sonder behulp van 'n kompas, gee.

Ook het ek julle enkele aanduidings vir gebruik tydens kaartwerk in die veldboek laat teken. Hieronder volg nog 'n paar. Hou hulle ook.




Wanneer ons veldwerk gaan doen, beweeg ons in die vrye natuur — deur slote, tussen bome, oor oopvelde. Hoe groot en lank en vér en wyd is alles tog nie. Ja, wie van ons het nie al probeer raai hoevér daardie mens of klip van ons is; hoe wyd daardie rivier is of hoe hoog daardie boom is nie.

Maar 'n Boereseun raai mos nie net nie — hy probeer om so seker as moontlik van sy saak te wees.

Onthou eers dat alle skatting op 'n horisontale lyn geskied, m.a.w. ons neem nie klowe, kranse, ens. in aanmerking as ons 'n veraf voorwerp skat nie.

Aangesien ons nie gedurig met 'n liniaal in ons sakke kan loop as ons veldtoe gaan nie is dit nodig dat ons ander metodes van afstand-beraming kan toepas. En hier kan ons van onsself gebruik maak: weet presies hoe lank jyself is; weet wat die afstand tussen die punte van jou middelvingers is as jy jou twee arms horisontaal na die kante uitsteek; onthou hoe lank jou treë is; ken tot 'n duim na jou eie hardlooppas; wat is die lengte van jou skoen, en die voorste lid van jou duim? Dink ook aan sekere voorwerpe wat jy by jou het, b.v. die omtrek van jou fiets se wiel.

En wat van die volgende hulpmiddels: naby 'n pad kan telegraafpale baie help — weet presies hoever hulle uitmekaar is en tel dan hoeveel daar op die afstand is wat jy wil skat; geluid trek teen 365 tree per sekonde; halfveer die afstand, as jy in die dwarsste skat, onderverdeel hom nog verder, bereken die kleiner gedeelde en vermenigvuldig weer.

Voordat ons volgende keer verder hieroor gesels, moet julle net die volgende wenke onthou: **Afstand word gewoonlik oorskat:** (1) Wanneer jy kniel of lê (2) as die agtergrond en voorwerp dieselfde kleur het; (3) as die voorwerp in die skadu staan, m.a.w. as jy teen die son skat; (4) as die voorwerp slegs gedeeltelik gesien kan word; (5) in lane, lang strate, klowe, ens.; (6) in mis of neerskynende lig of in opstygende lug; (7) oor gebroke grond.

**Afstande word gewoonlik onderskat:** (1) as die son agter jou is; (2) as die son die voorwerp bestraal; (3) as die atmosfeer helder is; (4) as die voorwerp en agtergrond in kleure verskil; (5) as die skatting op of af geskied; (6) as die grond gelyk is; (7) as die skatting oor water geskied.

# Boerejeugdrag



In hierdie uitgawe plaas ons 'n kiekie en beskrywing van die drag van die Boereseun en -dogter (12—18 jaar) asook 'n skets van die dogter se rok en voorskoot. Die beskrywing van die Boeredogter se drag is ook van toepassing vir die Kleingoed (dogter 6—12 jaar). Hierdie drag word ook deur die onder-offisiere gedra.

### DRAG VAN BOEREDOGTER

1. **Rok:** Volgens afbeelding hieronder.
(a) **Materiaal:** 1. Donkerblou Duitse-sis met klein ontwerpie in wit. 2. Donkerblou voering vir rok.
(b) **Versiering om hals en moue.** Wit kantjie.
(c) **Lengte van rok.** Op die knie-skyf. Kleingoed ietwat korter.
(d) Rok word agter oop vasgemaak met hakies en ogies.
2. **Voorskoot:** Volgens afbeelding.
(a) **Materiaal:** Wit linne.
(b) **Lengte:** 2½ dm. bokant lengte van rok.
3. **Mantel:** Gebruik tydens koue weer: Enige donkerblou materiaal wat maklik drapeer. Voering dieselfde kleur. Lengte tot by heupe. Word voor vasgemaak met hakie en ogie.
4. **Kappie:** Wit linne Voortrekkerkappie.
5. **Skoene:** Plathak swart toerygskoene.
6. **Sokkies:** Wit sokkies sonder strepe.
7. **Kentekens:** (a) Wapen as borsspeld. (b) Sleutelsteenteken op voorskootsak.

### DRAG VAN BOERESEUN

1. **Broek:** Kakiegroen („barathea"-offisiersstof) kort broek, met breë (2 dm.) bruin lyfband.
2. **Hemp:** Kakiegroen hemp; twee sakke met klappe; opgerolde moue; sagte boordjie; skouerlissies.
3. **Das:** Donkergroen das.
4. **Kopstuk:** Breërand kakiegroen hoed met regterkant opgeslaan met swart volstruisveer waarvan punt 1 dm. uitsteek.
5. **Skoene:** Bruin skoene met lang kakiesokkies.
6. **Kentekens:** (a) Sleutelsteenteken word op beide kante van die hempskraag gedra. (b) Wapen word aan opslaankant van hoed gedra.

RANGTEKENS (onder-offisiere):
1. **Sersant:** Drie wit strepies (wit materiaal, elk ¼ dm. breed en 1¾ dm. lank) bo mekaar.
2. **Korporaal:** Twee wit strepies bo mekaar.

Seuns dra strepies op linker bo-arm van hemp terwyl dogters dit op linkerbors van rok dra.




ROK




VOORSKOOT

## PENMAATS

Die volgende Boerejeuglede uit Gebied A wil graag met mede-kamerade in ander Gebiede korrespondeer. Moet hulle nou net nie te lank laat wag nie.

DOGTERS:
Betsy Dumas (17 jaar), p/a Mnr. C. Huxham, Prince Georgeweg, Muizenberg; Anna de Jongh (16), Tuinstraat, Hopefield; M. Viljoen (16), Hoofstraat 96, Paarl; H. Louw (17), Voortrekkerweg 80, Parow; H. Tredoux (14) Duncanweg, Tiervlei.

SEUNS:
Hennie Ackerman (17), Bethal, Kerkweg, Retreat; Winkel Wilkenson (15), Duffweg 47, Tiervlei; Pans Taljaard (16), Gertroudestraat 3, Goodwood; U. Strauss (17), Bus 106, Upington; A. Viljoen (15), Hoofstraat 96, Paarl; G. J. Rousseau (veldkornet), Truterstraat, Robertson.

## BYDRAES

Afdelings en ook brandwagte word weer uitgenooi om hulle bydraes aan „Die Boerejeug" vir plasing te stuur. Enigiets is welkom, maar aangesien ons ruimte min is, moet bydraes asseblief so kort moontlik wees.

*HET U REEDS U EKSEMPLAAR?*

# SONDER GEWERE

deur

**S. J. DE JONGH**

**13/- posvry**

**Die Boek verkoop baie vinnig. BESTEL ONMIDDELLIK**

•

*PAS VERSKYN*

# SKOORSOEK

deur

**DANIE STEGMAN**

**8/4 posvry**

**'n Humoristiese Roman vol egte Afrikaanse humor**

•

# Pro Ecclesia -Boekhandel

**POSBUS 29**

**STELLENBOSCH**

# Ernstige Aanklag Teen Kommunistiese Leiers

## *Sprake van Gewelddadige Omverwerping van Staat*

**Die voorlopige verhoor van agt Kommuniste op aanklag van sedisie het verlede week in Kaapstad 'n aanvang geneem. Die staatsaanklaer, dr. Yutar, wat die saak ingelei het, het verklaar dat uit die oogpunt van die staat die saak 'n verhaal is van 'n poging deur die beskuldigdes, wat die uitvoerende beamptes van die Kommunistiese Party is, om teen elke prys selfs op onwettige wyse en met lewensverlies, mag vir die Kommunistiese Party in te palm. Hy het daaraan toegevoeg dat ten gevolge van sekere dokumente wat gevind is, dit baie waarskynlik is dat die staat aan die einde van die huidige verhoor, 'n verdere en miskien ernstiger aanklag sal indien.**

Die agt beskuldigdes is: Willem Henry Andrews, voorsitter van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika; Harry Snitcher, advokaat en voorsitter van die Kaapstadse tak van die Kommunistiese Party; Moses Momani Kotane, naturel, hoofsekretaris van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika; Lucas Phillips, naturel, vakbondsekretaris; mev. Betty Sachs, redaktrise van The Guardian; Fred Carneson, sekretaris van die Kaapstadse tak van die Kommunistiese Party; Isaac Osher Horwitch, argitek; dr. Harold Jack Simons, lektor aan die Universiteit van Kaapstad. Die beskuldigdes is reeds op 16 November 1946 in hegtenis geneem, maar die saak is uitgestel tot begin Januarie, toe die saak in Johannesburg sou dien. Op aandrang van die beskuldigdes, is die verhoor na Kaapstad verplaas.

### DOKUMENTE

Die staatsaanklaer het verklaar dat die staat besluit het om 'n aanklag van sedisie teen die beskuldigdes in te bring. Hierdie aanklag is die gevolg van die staking van sowat 'n 50,000 naturelle-mynwerkers wat in Augustus 1946 plaasgevind het, en waarby 'n aantal mense gedood en beseer is.

Na die staking is 'n landswye deursoeking van die kantore van die Kommunistiese Party onderneem, en op verskeie dokumente is beslag gelê. Ten gevolge van sekere dokumente wat gevind is, is dit baie waarskynlik dat die staat aan die einde van hierdie verhoor 'n verdere en miskien ernstiger aanklag met betrekking tot die verkryging en voorgestelde gebruik van sekere militêre inligting, sal indien.

### „OPSTANDE"

Dr. Yutar het die uiteindelike oogmerke van die Kommunistiese Party behandel en gesê dat dit afstuur op die omverwerping van die regering en die instelling van 'n kommunistiese bewind. Dit moet bewerkstellig word deur revolusionêre opstande van die werkers.

Aangaande die konstitusie van die Kommunistiese Party het die aanklaer verduidelik dat die hoogste gesag by die konferensie van afgevaardigdes van die groter sentrums berus, wat elk op hul beurt weer 'n streekkomitee het. Daar bestaan ook 'n Sentrale Komitee, maar aangesien hierdie liggaam slegs twee keer per jaar vergader, berus die gesag in werklikheid by die Sentrale Uitvoerende Komitee, wat weekliks vergader. Al die beskuldigdes is lede van hierdie komitee, en die komitee ontvang alle notule, verslae en ander inligting van ander komitees.

### GEHEIME POLISIE

Die staatsaanklaer het ook gemeld dat getuienis gelewer sal word oor ander liggame soos die „S.P." — geheime polisie — 'n politieke buro, en tydens die oorlog 'n militêre buro. Vooraanstaande lede van die party, aldus dr. Yutar, sou daarop aangedring het — met medewete van die beskuldigdes — om „professionele opstokers" op te lei en „'n proletariër leër" op te hou. Aangesien die ledetal van die party agteruit gegaan het — tot ongeveer 600 in April 1946 — en hy in geldelike moeilikheid was, het hy besluit om die ondersteuning van die nie-blankes te verower sover dit die vakbonde aangaan. Die party het reëlings getref vir gespesialiseerde opleiding van sekere van sy lede sodat hulle doeltreffend binne die vakbonde kan optree as individue en nie as kommuniste nie. Die party het ook probeer, en in verskeie opsigte daarin geslaag, om van sy lede verkose te kry in bestuursliggame van die vakbonde, maar hierdie lede moes nie bekend gestaan het as partylede nie. Ten slotte het die party-organiseerders vir die naturelle-Mynwerkersbond aangestel en hulle betaal.

### BUITELAND

Die party sou ook onder meer briewe aan die Franse en Britse kommunistiese partye geskryf het om hulle te beweeg om teen genl. Smuts betogings te hou as hy in die lande aankom.

Die Party besef dat hy 'n gevaarlike pad bewandel, en gevolglik is alle bedrywighede geheim gehou, aldus die staatsaanklaer. Van sy amptenare is kras oor die kole gehaal omdat hulle soms stukke per pos gestuur het en nie per hand nie.

Met betrekking tot die mynstaking het dr. Yutar verklaar dat die naturelle-mynwerkers uitgenooi is om op 19 Mei 'n vergadering by te woon. J. B. Marks, voorsitter van die vakbond, onder wie se voorsitterskap die vergadering plaasgevind het, het sterk ontken dat die Kommunistiese Party enigiets daarmee te doen het, maar hierdie J. B. Marks, het die staatsaanklaer gesê, is lid van die Johannesburgse streekkomitee van die Kommunistiese Party.

Die vergadering van minder as 1,000 naturelle het besluit om te staak en het voorgegee dat hulle namens 300,000 naturelle praat. Moses Kotane, hoofsekretaris van die Party, het afgereis na Johannesburg om met die saak behulpsaam te wees.

Die saak is egter so voorgestel dat dit moet voorkom of die African Mineworkers' Union agter die staking sit. Op 4 Augustus is weer 'n vergadering onder voorsitterskap van J. E. Marks gehou waar besluit is om die volgende dag te staak. 50,000 uit die sowat 400,000 naturelle het dan ook aan die staking deelgeneem.

Sowel op 15 Augustus as op 21 September is die kantore van die Kommunistiese Party deursoek. Hierna het die aanklag van sedisie gevolg.

Getuienis aangaande die groot mynstaking is reeds afgelê. Dit is beskryf as die ernstigste opstand in die afgelope 42 jaar.

Die saak duur voort.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.

# Indiërs Neem Wraak

(Vervolg van bl. 1)

Gedurende Januarie 1946 het daar sewentien Indiëraankope in Kaapstad plaasgevind teenoor 18 aankope vir die eerste helfte van Januarie 1947, d.w.s. 'n tempo van meer as een aankoop per dag. Gedurende Februarie verlede jaar het die aankope 14 getel terwyl dit in Maart gegroei het tot 27, wat die aardige sommetjie van nagenoeg £20,000 bedra. 'n Gebied wat veral onder die aankope van die Indiërs deurgeloop het was Wynberg waar twintig persele gedurende die loop van die jaar aangekoop is. Weens die omslagtigheid van die proses van berekening is die waarde hiervan nie bereken nie.

Dit is veral opvallend dat die grootste aantal aankope van Indiërs in Kaapland juis in die Skiereiland voorkom. Hoewel daar 'n groot aantal aankope ook in Port Elizabeth vasgestel kan word, het die grootste aantal aankope in die Skiereiland voorgekom. Verskeie aankope het ook op die platteland voorgekom, hoewel veel minder in getal. Dit dui daarop dat die beperking wat daar in Natal op die verkoop van grond aan Indiërs gelê is, hulle nou blykbaar hul kapitaal al meer en meer in Kaapland laat belê waar nog geen beperking op die aankoop van grond gelê is nie. Dit staan enige Indiër vry, solank hy nie 'n verbode immigrant onder die wet van 1913 is nie, om grond in Kaapland aan te koop.

### GEEN KONTROLE

Die kantoor van die registrateur van Aktes het aan Die O.B. meegedeel dat van hulle kant geen kontrole uitgeoefen word of die aankoop van grond deur Indiërs wettig is of nie. Die verantwoordelikheid rus nie op hulle nie en wat hulle betref kan onwettige immigrante wel grond in Kaapland koop. Die kantoor van die Departement van Immigrasie wil geen ontkenning of bevestiging gee of daar wel gevalle voorkom waar verbode Indiërs grond onwettig aangekoop het nie.

Sedert die Indiër-agitasie en die Indiërvraagstuk meer op die voorgrond getree het, het die Departement van Binnelandse Sake opdrag aan die Aktekantoor gegee om maandeliks 'n staat aan hulle te stuur van alle Indiër-aankope. Dit geskied sedert Junie 1946. Voorheen was dit nie die geval nie en is 'n nuwe reëling. Geen verklaring kon verkry word waarom hierdie nuwe reëling in werking gestel is nie.

Vergelykende syfers toon dat die aankope gedurende 1945 effens minder was as gedurende 1946. Hoewel die grafiek by tye 'n daling toon, toon dit op die oomblik weer 'n stygende tendens. Na berekening was die aankope gedurende 1945 sowat 25 per maand, terwyl dit gedurende die afgelope jaar 17 per maand was.

**Daar bestaan 'n merkbare neiging dat Indiërs soveel moontlik hulle grond bymekaar koop sodat daar in Woodstock en Soutrivier groot kolle voorkom wat aan Indiërs behoort. Daar kom ook gevalle voor waar Indiërs hul geld bymekaar gooi en dan 'n stuk eiendom gesamentlik koop. Dis opvallend dat baie van die transaksies plaasgevind het tussen Indiërs en persone met Joodse vanne.**

# Van Sedisie Beskuldig



In Kaapstad het die voorlopige verhoor van agt Kommunistiese leiers op aanklag van beweerde sedisie, verlede week begin. Twee van die beskuldigdes is naturelle. Die foto toon sewe van die agt beskuldigdes met hul regsverteenwoordiger waar hulle die hofsaal verlaat. Die persone is: Voorste ry, van l. na r.: F. Carneson, H. Snitcher, en W. H. Andrews. Agter: I. O. Horwitch, L. Phillips, M. Kotane, S. Kahn (regsverteenwoordiger) en mev. B. Sachs.